

GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Julie 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 6

God se leiding



Ek lees die verhaal van 'n jong man van God uit Juda wat 'n opdrag van God gekry het om na Bet-El te gaan om koning Jerobeam aan te spreek oor die kalwerdiens wat hy ingestel het (1 Konings 13). Saam met die Here se opdrag was die uitdruklike voorskrif dat die man van God niks in Bet-El mag eet en nie daar water mag drink nie, en ook nie met dieselfde pad as waarmee hy gegaan het, mag terugkom nie.

Die man voer sy opdrag stiptelik uit. Jerobeam was nog besig by die altaar toe die man van God daar aankom en sy boodskap afgee, en sy oordeelswoord oor die altaar gaan in vervulling terwyl hy nog daar is. Toe Jerobeam met sy hand wys na die man sodat sy lyfwag hom moet gryp, het sy hand styf geword, en eers nadat die man vir die koning gebid het, herstel die hand. Die

koning nooi hom vir ete, maar die man wys dit van die hand. Dit was immers teen God se uitdruklike opdrag.

Intussen verneem 'n ou profeet van die omgewing wat gebeur het. Hy saal 'n donkie op en gaan soek die jong man van God, en nooi hom om by hom te kom eet. Weer wys die man die uitnodiging van die hand, maar die ou profeet oorreed hom: "Ek is ook 'n profeet net soos jy, en 'n engel het op bevel van die Here vir my gesê: Bring hom terug na jou huis toe en laat hy iets eet en sy dors les!"

Die jong man van God laat hom hierdeur ompraat. Dit was immers God Self wat 'n nuwe opdrag by wyse van die ou profeet gegee het, dan nie? Ongelukkig is die antwoord nie so voor die-hand-liggend nie. Dit blyk uit die res van die verhaal dat dit nie

so was nie; die ou profeet het vir hom gelieg, en 'n leeu verskeur die jong man later op pad Juda toe omdat hy hom teen die Here verset het.

Dis 'n bizarre, ontstellende verhaal. Wat moet 'n mens hiermee maak? Hy was immers, volgens sy eie woorde, óók 'n profeet, en boonop nog baie ouer ook.

Dis mos ons dilemma ook dikwels: hoe weet jy wat is God se plan en wat nie? Dié een sê dit, daardie een weer dát, en jy is op die ou end totaal verward. Wie se stem is God s'n?

Ek dink ons kan minstens dit na aanleiding van hierdie jong man se verkeerde besluit sê: As jy oortuig is dat jy God goed gehoor het, moet jy daarby bly en jou nie deur ander stemme laat verwar nie, al kom dié stemme met groot stelligheid. Bly by wat jy by God gehoor het totdat Hy jou Self 'n ander ding sê.

Natuurlik praat God op verskillende maniere met ons, ook deur ander mense. Maar dit mag nie die **eie luister** na God en na sy Woord verdring nie. Ons glo immers dat God ons lei deur sy Woord en deur sy Gees. Dáarna moet jy luister en daarby moet jy hou as ander stemme 'n ander storie vertel. Soek daarom in tye van onsekerheid bevestiging by God in jou binnekamer. Totdat Hy jou anders lei, bly by wat jy weet God gesê het.

Vir enige navrae kontak ds Niekie

Pinkster 2019



Meimaand was Pinkstermaand. Op vier Pinkster Sondae het ons besoekende predikers gehad, terwyl dr Casper Kruger van 27 tot 30 Mei 'n oggend Pinksterreeks aangebied het.

Op 5 Mei was die tema van **prof. Piet Meiring** se preek Esegïel se visioen van 'n vallei vol doodsbeendere wat uiteindelik liggame word wat lewe wanneer die Gees in hulle kom (Eseg 37). Is die NG kerk dalk geestelik dood? Is ons moedeloos met ons land? Daar is hoop. Wanneer die Heilige Gees beweeg in ons kerk en in ons land, kom daar lewe en vreugde. Lyk my persoonlike lewe soos 'n skedel? Laat die Heilige Gees toe om beheer oor te neem en dit vir my Pinkster maak.

Op 12 Mei was **ds Floors Ellis** aan die woord. Paulus sien dit as sy lewenstaak om die evangelie van God se genade te verkondig (Hand 20:24). Deur God se liefdesverklaring in die geloof te aanvaar, word ek God se kind (Joh 3:16). Dan word dit my lewenstaak om die evangelie van genade uit te dra. Dit beteken dat ek ook die Jesus-storie moet vertel, maar veel meer. Paulus moedig sy lesers in 1 Kor 11:1 aan om sy voorbeeld te volg soos

hyself Jesus se voorbeeld volg. Ek is ook deur my voorbeeld verantwoordelik vir my medemens. Laat elkeen van ons deur woord en daad verkondigers van God se genade wees.

Ds Uli Trümpelmann het op 19 Mei Malelane verruil vir Meyerspark. Rom 8:1-3 sê ons word deur Jesus vrygemaak van veroordeling en die dood. Vers 4 en 5 bring egter 'n verdere perspektief. Wie is in beheer van my lewe – my sondige natuur (ek self) of die Heilige Gees? As kind van God moet ek onder nuwe bestuur wees, die bestuur van die Heilige Gees. Hy maak alles nuut – 'n slaaf word 'n kind van die Vader, Hy versterk my geloof, Hy help my volhard, Hy is my gebedsvennoot. Pinkster herinner my dat ek vrygemaak kan leef tot eer van God. Dit gebeur as ek die beheer van my lewe volledig aan die Heilige Gees oorgee.

Ds Francois Retief het besluit dat 'n besoek aan Meyerspark op 26 Mei beter gaan wees as die Sinodale kantoor. Ons gemeente kan met dankbaarheid terugkyk na wat die Here die afgelope 60 jaar deur ons gedoen het. Hy analyseer Ps 90. In vers 1 en 2 bely ons dat ons aan God verbind is. Vers 3 tot 11 meld die

kortstondigheid van die lewe, en dalk die sinloosheid daarvan. Dit wat in ons gemeente oor 60 jaar gebeur het, is nie sinloos nie. Vers 12 moedig ons as gemeente aan om met die wysheid van die Here ons roeping uit te leef. Vers 14 beklemtoon dat ons leef met liefde van en vir die Vader. Vers 15 en 16 is 'n gebed dat ons gemeentewerk ewigheidswaarde sal hê, en dat dit net kan gebeur met die Here se hulp en seën.

Dr Casper Kruger het die reeks oggenddienste van 27 tot 30 Mei aangebied. Op **dag 1** het hy gefokus op die tabernakel (Ex 36). Van buite was dit met die dak van vaal velle bra onaan treklik. Van binne was dit asemrowend, want die vakmanne was deur die Heilige Gees geïnspireer. Vir die wêreld lyk godsdiens onaantreklik asof dit in starre reëls gegiet is. Vandag is onself 'n tempel (tabernakel) van die Heilige Gees (1 Kor 3:16). Ons is self die plek waar die wêreld God ontmoet. Hierdie verantwoordelikheid moet ons ernstig opneem. **Dag 2** het gefokus op God se heiligheid (Ex 3: "Ek is wat Ek is".) Hoe kan ons dan na Hom toe kom met ons onheiligheid en sonde? Die antwoord is deur Jesus is ons nuutgemaak (Kol 2) en ons moet sy beeld in die wêreld vertoon. Die fokus van **dag 3** is dat wêreldsheid veroorsaak dat die mens in duisternis lewe (Joh 3:19). Ons ontsnap uit die duisternis na die lig deur te glo in Jesus, die Lig van die wêreld (Joh 12:46). **Dag 4, Hemelvaartdag, Nagmaal.** In Openbaring 8 sluit ons weer aan by die tabernakel. 'n Engel staan met 'n goue wierookbak by die altaar. In die wierookbak is die gebede van die heiliges (Christene). Na Hemelvaart het ons as God se tempel op aarde die opdrag om draers van die Goeie Nuus, die evangelie, te wees.

Kerkraad moet besluit oor personeelposte

- Jannie van Vuuren

In die lig van die leraars en kerkkantoorpersoneel wat binnekort aftreeouderdom (65 jaar) bereik, het die Kerkraad besluit om 'n ONDERSOEKKOMITEE aan te wys wat die behoeftes van die gemeente moet ondersoek en aanbevelings moet maak oor die postestruktuur en die pad vorentoe. Beide gemeenteleraars bereik aftree-ouderdom binne ongeveer twee jaar (ds Niekie in Desember 2019 en ds Izak in Julie 2021). Die kerkkantoorpersoneel het ook reeds aftree-ouderdom bereik of bereik dit binne

die volgende jaar. Met die oog op die toekoms, en in veranderende omstandighede, is dit belangrik dat die gemeente en Kerkraad nou sal besin oor die pad vorentoe.

Die Ondersekkomitee, bestaan uit die volgende kerkraadslede:

Jannie van Vuuren (Voor-sitter), Pieter le Roux, Wessel Rossouw, Susan Nell, Jaco Smit en Allen Lourens Hulle sal tydens 'n spesiale Kerkraadsvergadering, 27 Junie 2019 aanbevelings ten

opsigte van bogenoemde ter tafel lê vir bespreking en goedkeuring.

Sondag, 4 Augustus 2019 sal 'n gemeente inligtingsessie na die diens gehou word waar die aanbevelings bespreek sal word.

Die gemeente se voorbedding vir wysheid en leiding word gevra. (Jak 1:5: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.")

Heerlike padkosete op Sondag 26 Mei



Op 29 Mei vanjaar was ons gemeente 60 jaar oud en as deel van ons verjaardagvieringe, het ons op Sondag 26 Mei, na die oggenddiens, weer 'n padkosete op die gras aan die westekant van die kerk aangebied.

Buiten die smullekker piekniekkos wat uit al die gemeentelede se mandjies te voorskyn gekom het, het die Verheerlikbediening ook aan almal 'n heerlike worsbroodjie

aangebied wat hulle span reeds die vorige middag gebraai en voorberei het. Koffie en tee was ook nie by die kombuis se luik bedien nie, maar almal kon hulself help by die tafel met drinkgoed wat langs die moederskamer gestaan het.

Die tafels was weer in die vorm van 'n kruis gerangskik en was só mooi versier met drie pampoen rangskikkings wat Margaret Koekemoer (die

Vrouebediening se blommesameroper), spesiaal vir die geleentheid gemaak het. Verder het ds. Isak en Hermien gesorg vir die verjaarsdagkoek. Hul nuwe skoondogter het die heerlikste twee groot verjaardagkoeke gebak waaraan almal behoorlik gesmul het!

Die worsbroodjies wat oorgebly het is deur Helpende Hand versprei soos nodig, maar eers nadat al die lede van die "Victory Live Tabernacle South Africa"-kerk, wat ons kerkgebou op Sondae van 11:30 tot 14:00 vir hulle erediens gebruik, ook saam geëet het.

Dit was 'n ware fees waar almal gesellig saamgekuier en van mekaar se kos geëet het! As jy nog nooit 'n padkosete bygewoon het nie, mis jy beslis uit. Maar moenie bekommer nie – almal is dit eens dat só 'n heerlike geleentheid beslis weer herhaal sal moet word!

Verkondig My evangelie aan alle nasies

- Petro Lemmer



Die groot skerm met Pretoria se liggies in die agtergrond

Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels voordat Hy in die hemel opgeneem is, was om Sy evangelie aan alle mense te verkondig... en ook aan die mense van die Kopanong plakkers gemeenskap oos van Pretoria waar daar sedert 2015 meer as 20 000 plakkershutte opgerig is. Met gemiddeld 2 ouers en 2 kinders per makuku het die getalle duiselingwekkende proporsies begin aanneem. Omdat hierdie gemeenskap uit persone van verskeie oorde saamgestel is en verskeie taalgroepe hier verteenwoordig word, was daar vir die eerste twee jaar van die woonbuurt se bestaan geen georganiseerde struktuur nie en geen kerke het bestaan nie.

Die teenwoordigheid van die Mothong African Heritage Site in die berg bokant Mamelodi-Wes het daarby sy euwel invloed reeds van vroeg af dwarsdeur Mamelodi tot in Kopanong laat geld. Werkloosheid en doelloosheid in die woonbuurt het 'n vrugbare aarde gevorm vir tradisionele godsdiens en dwelm en drankmisbruik. Behoeftes aan lewensmiddele het onder invloed van die bose uiting gevind in misdaad en aanvalle op die gevestigde inwoners van Pienaarspoort, Donkerhoek en Mooiplaats. Weerstand teen pogings om die inwoners van Kopanong met die evangelie te bereik het enige poging om georganiseerde toegang tot die woonbuurt te kry

in die wiele gery.

Om as individu ons Heer se opdrag in Kopanong uit te voer is aanvanklik as 'n onbegonne taak beskou. Kontak met een of 2 pastore in die woongebied het getoon dat selfs die kerke rondgetas het na beter organisasie. Die antwoord het daarin gelê om groepe te benader met programme soos die Jesus Film wat deur die organisasie Campus Crusade for Christ uitgereik word. Maar eers moes die pastore van Kopanong geïdentifiseer word sodat hulle opgelei kon word om nuwe bekeerlinge suksesvol te begelei in dissipelskap. Met die hulp van Campus Crusade en Kingdom Global kon ons in November 2018 'n opleidingskursus bied aan sowat 20 pastore en 40 van hul gemeentelede. 'n Hoogtepunt van hierdie byeenkoms was dat die pastore vir die eerste keer met mekaar kennis gemaak het.

Ons het op kaart 'n paar oop spasies soos sokkervelde in Kopanong geïdentifiseer en die pastore wat verantwoordelik sou wees vir die nuwe bekeerdes in elke omgewing aangewys. Dit het gou duidelik geword dat daar nie opgeleide pastore by twee van die sokkervelde was nie en ons moes vinnig reël vir 'n kort kursus by minstens een van die kerke in die omgewing van die een sokkerveld.

Omdat die Jesus film op 'n groot skerm in die opelug vertoon word en die vertonings noodwendig in die aand moes plaasvind, moes ons 'n tyd bepaal nadat die reënseisoen oor was sodat toeskouers nie op nat grond hoef te sit nie. Die twee naweke voor die Paasaweek het vir ons geskik geklink en ons kon met vier filmspanne, wat elkeen hul eie toerusting gehad het reël om

verantwoordelik te wees vir een aand se vertoning. Maar ons moes eers die Here se seën afbid op elke beplande terrein en 'n klompie van ons het derhalwe op 6 Maart 2018 byeengekom en by elke terrein die Here se seën gevra.

Uiteindelik kon die film net een aand gewys word, want die reënseisoen het laat aangehou en drie van die terreine was heeltemal te nat vir mense om buite op die grond te sit. Maar die aand van 13 April was skoon, helder en droog en ons het reeds teen vieruur die middag begin om die toerusting op te slaan. Met musiek en sang oor groot luidsprekers het mense spoedig nadergestaan, en die drie betrokke pastore het toeskouers na die filmvertoning uitgenooi. Ons het 'n paar sokkerballe uitgedeel om die kinders te lok en gou was daar 'n paar wedstryde om ons aan die gang. Teen donker het almal nadergestaan vir die Jesus film en die meelewing van die toeskouers was aangrypend. Na die film het baie mense, veral kinders, nader gekom om te vra om by een van die kerke in te skakel. Ons begin reeds om die volgende filmvertoning te reël sodra die winter verby is.



Groep pastore wat opgelei is

Gebedsgeleentehede tydens eredienste



Dit was ons voorreg om die afgelope tyd tydens eredienste vir die volgende lande te bid:

- Sao Tome en Principe
- Kanada
- Laos
- Nederlang
- Israel

Sao Tome en Principe is 'n eilandstaat aan die Noordkus van Afrika. Daar woon 194 000 mense op die twee eilande en die land is maar sowat een tiende so groot soos Gauteng. Die land het 'n opkomende toerismebedryf. Sowat 96% van die bevolking is Christene, waarvan die meerderheid Rooms-Katoliek is. Slegs 2% is Moslems. Wat verblydend is, is dat die land deur Operation World beskryf word as een van die lande met die hoogste groei in Evangeliese Christene ter wêreld en ook as die land in Afrika waar die grootste persentasie van die bevolking hulleself as Christene beskryf.

** Bid vir volgehoue groei van die Christendom.*

Kanada is die tweede grootste land ter wêreld. Baie Suid-Afrikaners, insluitende van ons gemeentekinders woon daar. Kanada het 'n bevolking van 37,3 miljoen. Dis 'n baie welvarende

land as gevolg van 'n oorvloed van minerale stowwe. 67,3% van die bevolking is Christene, waarvan 27% Protestante. Sowat 6% is Moslems of Hindoes. Wat onrusbarend is, is dat sowat 24% van die bevolking geen godsdiens beoefen nie of openlik verklaar dat hulle ateïste is. Die regering is baie liberaal en kritiseer baie Christelike waardes. Toenemende immigrasie na Kanada, veral uit Oosterse lande lei verder tot toenemende Islam en Buddistiese invloede. Aan die ander kant is die Christen kerke in Kanada baie aktief en die Christian and Missionary Alliance verenig meer as 440 kerke in die land.

** Bid vir die talle Suid-Afrikaners in Kanada en dat hulle getuies vir Jesus sal wees.*

Laos is in suidoos Asië en het 'n bevolking van 7 miljoen en is sowat 20% so groot soos Suid-Afrika. Toerisme is 'n toenemende bron van inkomste. Sowat 96% van die bevolking is Buddiste of aanhangers van die tradisionele Lao godsdiens; 'n vorm van Buddisme. Slegs 1,7% is Christene. Ondanks die feit dat Laos 19de is op Geopende Deure se lys van lande waar dit moeilik is om 'n Christen te wees en Christene in die land hewige vervolging verduur, floreer die Christendom in Laos danksy die onvermoeide verkondiging van die Evangelie deur getroue sendelinge.

** Bid vir die sendelinge en vrug op hul werk.*

Nederland is die stamland van baie Suid-Afrikaners en het 'n bevolking van sowat 17,3 miljoen. Die land is maar sowat twee en 'n half maal so groot soos Gauteng. Christene maak 43,8% van die bevolking uit. Lidmate van die kerk, wat ons “Moeder-

kerk” is naamlik, die Nederlandse Gereformeerde Kerk, is maar 6,5% van die bevolking. Baie van hierdie mense verklaar dat hulle Christene is net ter wille van kulturele aanvaarding – 'n 2015 peiling het getoon dat meer as 80% van Nederlanders nog nooit 'n kerkdienst bygewoon het nie— en meer as die helfte is ongelowig of ateïste. Daar word verklaar dat Nederland een van die mees nie-godsdienstige lande ter wêreld is!

** Bid dat die talle afvallige Nederlanders se geloofsoë sal oopgaan en dat daar bekering sal wees.*

Israel is die beloofde land van die Bybel en is die land waar Jesus gebore is en opgetree het en dus baie belangrik vir die Christendom. Israel is 'n klein land en slegs 1,2 maal so groot soos Gauteng, met 'n bevolking van sowat 9 miljoen. Israel staan ook as die heilige land van verskeie godsdiens bekend – die Christendom, Judaïsme en Islam. Israel is tans die setel van groot onrus – die eeuelange stryd tussen die Moslems, die Christendom en die Judaïsme en geen oplossing vir die konflik is in sig nie. Die res van die wêreld is toenemend gekant teen Israel as gevolg van die Israëlië/Palestynse konflik, waarin die Palestyne as die lydende party beskou word. Verder is Christene in Israel nie verenig nie en voer 'n opdraende stryd teen die Moslem- en Judaïstiese faksies van die bevolking.

** Bid vir die Christene in Israel en vir vrede tussen Israel en die Palestyne.*

** Bid vir ons land:*

- Etiese politiek
- Sosiale verval
- Kerke
- Droogte

Seniors se kombersprojek sê dankie

Namens die Senior Bediening wil ons almal baie hartlik bedank vir hulle mildelike bydrae tot die kombersprojek.

Ons het 'n bedrag van **R6 350** ontvang, waarvoor ons baie dankbaar is.



BAIE, BAIE DANKIE!!!!

Vrouebediening bied

Gryp-En-Hap ...Gryp 'n Jaffel!!!

2 Augustus vanaf 16:30 tot 18:00

Koste: R20

(Beperkte voorraad!!!)

Wees **eerste** om te bestel en geniet 'n heerlike **ryk en lekker jaffel**.

Plaas jou bestelling ná die ere-diens op die beskikbare lysie buite die kerk of skakel die kerkkantoor (012 803 1531)

Sluitingsdatum: Maandag 22 Julie

Baie dankie vir u ruim ondersteuning



Kantoorpersoneel sê baie dankie

Baie dankie aan elkeen wat ons ondersteun het met ons blinderprojek vir ons "nuwe" kantoor. Kom kyk gerus hoe mooi dit lyk. Dit was 'n baie groot sukses.

Groot dank en waardering aan Susan wat die kos voorberei het.

Baie dankie aan Elize, Mariska en Lettie wat gehelp het met die bediening.

'n Spesiale woord van dank aan tannie Lena Brooks wat self aangebied het om vir ons koesters te bak.

| Bybelleesprogram - Julie 2019 | | | | | | |
|---|------------|------------|----------------|---------------------------|----------------|------------|
| | | | | Lewe deur die Gees | | |
| Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag. | | | | | | |
| Son | Maan | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| | Gal 3:14 | Gal 4:6 | Gal 5:16 | Gal 5:25 | Ef 1:3 | Ef 1:13(b) |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| Ef 1:14 | Ef 4:30 | Ef 5:18 | 1 Kor 2:4 | 1 Kor 2:10 | 1 Kor 2:11 (b) | 1 Kor 2:12 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 1 Kor 2:13 (b) en 14 | 1 Kor 2:15 | 1 Kor 3:16 | Hand 1:8 | Hand 2:4 | Hand 2:17 | Hand 2:18 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| Hand 2:33 | Hand 2:38 | Hand 2:39 | Hand 8:17 | Hand 9:31 | Hand 13:52 | Rom 8:1 |
| 28 | 29 | 30 | 31 | | | |
| Rom 8:5 | Rom 8:6 | Rom 8:9 | Rom 8:15 en 16 | | | |

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
 18 JAAR ONDERVINDING VAN
 EIENDOMS VERKOPE IN AREA
 KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
 SKAKEL MY GERUS.
STENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

**Boomsloping en
snoei. Gratis kwotasies /versekering.**
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za



Lief en Leed

Thys Combrink, Deo Smit, Johan Steyn en Steve Schmidt is die afgelope tyd oorlede. Ons gebede en meegevoel gaan uit na hulle naasbestaandes.